

STAWENDE DOKUMENTE VIR EMIGRASIE

Wanneer jy aansoek doen vir 'n belastingnakomingstatus (TCS), ten opsigte van emigrasie, is jy vereis om die volgende stawende dokumente in te dien.

Vir 'n nuwe belastingnakomingstatus (TCS) aansoek:

- Waar die TCS-aansoek vir 'n eerste-keer emigrant is:
 - Staat van bates en laste vir die vorige drie belastingjare (dit moet die blootlegging van alle beleggings, leningsrekeninge en uitkerings uit plaaslike en buitelandse maatskappye, trusts, ens. insluit).
 - Die MP336(b) - '*Emigration: Application for foreign capital allowance*' wat deur die stempel van die betrokke gemagtigde handelaar (bv. bank) en die handtekening van een van die gemagtigde beamptes geoutentiseer is, of
 - Waar die gemagtigde handelaar (bv. bank) jou inlig om nie die MP336(b) te voltooi nie, moet die gemagtigde handelaar 'n brief verskaf wat die rede(s) aandui waarom die MP336(b) nie benodig word nie.
 - In die geval waar jy geëmigreer het sonder om jou emigrasie by die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank (SARB) te formaliseer of indien jy baie lank terug geëmigreer het en sodanig geen bates en laste in Suid-Afrika het nie [nul bates en laste verklaar op die MP336(b)], moet 'n nul-staat van bates en laste vir die vorige drie belastingjare ingedien word.
 - Toepaslike volmag waar die TCS-aansoek ingedien word deur 'n persoon wat nie die belastingpligtige is nie.
 - Kapitaalwinstbelasting-berekening op die geagte wegmaking van bates op die dag voor die belastingpligtige se inwonerskap tot 'n einde kom.
 - Dit is toepaslik waar bedrae ingesluit is onder gelyste en ongelyste beleggings, asook ander bates (bv. Krugerrande).
- Waar die aansoeker 'n lid van 'n pensioen-, voorsorg- of uittree-annuïteitfonds is, moet die volgende besonderhede ten opsigte van elke fonds ingedien word op 'n aparte vel:
 - Naam van fonds;
 - Verwagte enkelbedragbedrag wat uitbetaal word; en
 - Datum van verwagte betaling.
- Waar die aansoeker 'n lid van 'n pensioen-, voorsorg- of uittree-annuïteitfonds is, moet die volgende besonderhede ten opsigte van elke fonds ingedien word op 'n aparte vel:
 - Naam van fonds;
 - Verwagte enkelbedragbedrag wat uitbetaal word; en
 - Datum van verwagte betaling.
- Waar die aansoeker 'n Suid-Afrikaanse versekeringspolis het, moet die volgende besonderhede ten opsigte van elke Suid-Afrikaanse versekeringspolis wat die belastingpligtige besit op 'n aparte vel ingedien word:
 - Naam van versekeringsmaatskappy;
 - Adres van versekeringsmaatskappy;
 - Polisnommer;
 - Datum waarop enige voordele uit die polis verwag word; en
 - Besonderhede van verwagte toekomstige voordele uit sodanige polis.
- Waar die aansoeker, sy/haar eggenoot of sy/haar minderjarige kind die begunstigde van 'n trust is, moet die volgende besonderhede op 'n aparte vel ingedien word:
 - Naam van die trust;
 - Inkomstebelastingverwysingsnommer van die trust;
 - Naam/name van die trustee(s);
 - Posadres van die trust;
 - Besigheidsadres van die trust;
 - Aard van inkomste ontvang uit die trust en die jaarlikse bedrag daarvan;
 - Datum waarop jy die eerste keer inkomste uit die trust ontvang het;
 - Maandelikse of jaarlikse bedrag ontvang uit die trust.
- Waar die aansoeker, sy/haar eggenoot of sy/haar minderjarige kind(ers) aandeelhouer(s) van 'n privaat maatskappy of lede van 'n beslote korporasie is, moet die volgende besonderhede op 'n aparte vel ingedien word:

- Naam van die privaat maatskappy/beslote korporasie;
- Inkomstebelastingverwysingsnommer van die privaat maatskappy/beslote korporasie;
- Aantal aandele/persentasie van belang;
- Posadres van die privaat maatskappy/beslote korporasie; en
- Besigheidsadres van die privaat maatskappy/beslote korporasie.
- In die geval van 'n familie-eenheid, indien die eggenoot verkies dat 'n afsonderlike TCS aan hom/haar uitgereik word om sy/haar emigrasie te formaliseer, moet die eggenoot die volgende doen:
 - Voltooi 'n afsonderlike TCR01 - Tax Compliance Request vorm
 - Dien 'n gesertifiseerde kopie van die finale MP336(b) in wat by die gemagtigde handeleer ingedien is [NIE 'n kopie van die MP336(b) wat deur die man/vrou/leuensmaat ingedien is nie]; en
 - Dien die stawende dokumente, ter staving van sy/haar aansoek in.

Neem kennis: Die bostaande sal nie van toepassing wees waar die familie-eenheid saam emigreer en die besonderhede van die eggenoot op die TCR01 vasgelê is nie. In sodanige geval, sal die TCS PIN-brief vir die aansoeker die besonderhede van die eggenoot [dit is, name, belastingverwysingsnommer (indien van toepassing) en ID-nommer of paspoortnommer] insluit.

DIE BEPAALDE DOKUMENTE VEREIS VIR EMIGRASIE-AANSOEKE OM DIE BRON VAN KAPITAAL AAN TE DUI

- **Lening:**
 - Wanneer die ouer vir die kind geld leen om oorsee te belê:
 - Leningrekening; en
 - Bankstaat van ouer, nie ouer as drie maande nie.
 - Wanneer die trust vir die trustee of begunstigde geld leen om oorsee te belê:
 - Leningrekening; en
 - Bankstaat van trustee of begunstigde, nie ouer as drie maande nie; en
 - Nuutste finansiële state van die trust; en
 - Bankstaat van die trust, nie ouer as drie maande nie; of
 - Die trust se nuutste aandele-portfoliostaat, nie ouer as drie maande nie. Hierdie staat sal ook die aantal aandele en huidige markwaarde aandui.
 - Wanneer die maatskappy geld leen aan 'n direkteur van die maatskappy om oorsee te belê:
 - Leningrekening tussen die maatskappy en die direkteur;
 - Bankstaat van direkteur, nie ouer as drie maand nie; en
 - Maatskappy se nuutste jaarlikse finansiële state.
- **Skenking:**
 - Indien die skenking tussen eggenote is:
 - 'n Verklaring (IT144); en
 - Bankstaat van begiftigde, nie ouer as drie maande nie.
 - Indien die skenking nie tussen eggenote is nie:
 - 'n Verklaring (IT144)
 - Bewys (kopie van die kwitansie) van skenkingsbelasting betaal; en
 - Bankstaat van skenker en begiftigde, nie ouer as drie maande nie.
- **Erflating:**
 - Brief van die eksekuteur van die boedel;
 - 'n Kopie van die likwidasië en verdelingrekening; en
 - Bankstaat, nie ouer as drie maande nie.
- **Spaargeld / Kontant / Bankrekening / Vaste Depositos:**
 - Bankstaat, nie ouer as drie maande nie; en
 - Bewys van bron (d.i. waar en hoe die geld verkry is).
- **Aandele:**
 - Portfoliostaat, nie ouer as drie maande nie. Hierdie staat sal ook die aantal aandele en huidige markwaarde aandui.
- **Verkoop van eiendom:**
 - Oorspronklike brief van die aktebesorger wat die oordrag van die eiendom bevestig en dat die geld uit sy/haar trustrekening oorgedra sal word; of
 - Bewys van ontvangs van die opbrengste, tesame met die aansoeker se bankstaat, nie ouer as drie maande nie.
- **Tantième-inkomste:**
 - Bron van tantième-inkomste; en
 - Bewys van tantième-betaling.
- **Verdienste:**
 - Waar 'n terugkerende buitelandse belegging nie R30 000 per jaar oorskry nie, word 'n kopie van 'n salarisstrokie een keer per jaar vereis;
 - Die polisnommer; en
 - Daar moet kennis geneem word dat die instelling (bv. Sanlam / Old Mutual) namens jou sal aansoek doen.

- **Verdeling vanuit 'n trust:**
 - Resolusies van die trust waaruit die verdelings gemaak word;
 - Besonderhede van die bron van die trust wat die verdeling maak;
 - Bankstaat van die trust, nie ouer as drie maande nie; of
 - Trust se nuutste aandele-portfoliostaat (nie ouer as drie maande nie); hierdie staat sal ook die aantal aandele en huidige markwaarde insluit.
 - Kopie van trustakte; en
 - Trust se jaarlikse finansiële state.
- **Ander:**
Dokumentêre bewys en verduideliking.
- Waar die TCS-aansoek vir die emigrant se oorblywende bates is (voorheen bekend as "geblokkeerde fondse"):
 - 'n Kopie van die belastingklaringsertifikaat (TCC) of TCS PIN-brief - Emigrant, wat voorheen deur SARS uitgereik is.
 - 'n Kopie van die MP336(b)-aansoek wat voorheen ingedien is;
 - Addendum wat die voorgenome bedrag vir oordrag aandui; en
 - 'n Behoorlik voltooide volmag deur die belastingpligtige (slegs indien die aansoek deur die belastingpligtige se verteenwoordiger ingedien word).
 - Belastingpligtiges wat reeds geëmigreer het en wat die emigrant se oorblywende bates wil oordra, moet 'n TCS vir buitelandse beleggingsbates (FIA) deur eFiling of by 'n SARS-tak aanvra. Wanneer aansoek vir die TCS ten opsigte van FIA gerig word, moet jy die 'Source of capital to be invested' stel na 'Emigrant's Remaining Assets'. Vir meer inligting, verwys na die proses vir die oordrag van emigrant se oorblywende bates (geblokkeerde fondse).